

Skriflesing: 1 Johannes 3Teks: **1 Johannes 3:1a,2a,14,24**Sing- **Ps. 9:1,7; Ps. 61:1,2; Ps. 61:3,4; Ps. 23:3; Ps. 116... Sb 33:1,3****1 Johannes 3**

1Jn 3:1 Kyk wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word! Om hierdie rede ken die wêreld ons nie, omdat dit Hom nie geken het nie.

1Jn 3:2 Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is.

1Jn 3:3 En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is.

1Jn 3:4 Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid.

1Jn 3:5 En julle weet dat Hy verskyn het om ons sondes weg te neem, en geen sonde is in Hom nie.

1Jn 3:6 Elkeen wat in Hom bly, sondig nie. Elkeen wat sondig, het Hom nie gesien en Hom nie geken nie.

1Jn 3:7 My kinders, laat niemand julle mislei nie: wie die geregtigheid doen, is regverdig soos Hy regverdig is.

1Jn 3:8 Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel, want die duiwel sondig van die begin af. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek.

1Jn 3:9 Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, omdat sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore.

1Jn 3:10 Hierin is die kinders van God en die kinders van die duiwel openbaar: elkeen wat die geregtigheid nie doen nie, is nie uit God nie, en hy ook wat sy broeder nie liefhet nie.

1Jn 3:11 Want dit is die boodskap wat julle van die begin af gehoor het, dat ons mekaar moet liefhê;

1Jn 3:12 nie soos Kain wat uit die Bose was en sy broer doodgeslaan het nie. En waarom het hy hom doodgeslaan? Omdat sy werke boos was en dié van sy broer regverdig.

1Jn 3:13 Verwonder julle nie, my broeders, as die wêreld julle haat nie.

1Jn 3:14 Ons weet dat ons oorgegaan het uit die dood in die lewe, omdat ons die broeders liefhet. Hy wat sy broeder nie liefhet nie, bly in die dood.

1Jn 3:15 Elkeen wat sy broeder haat, is 'n moordenaar; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe as iets blywends in hom het nie.

1Jn 3:16 Hieraan het ons die liefde leer ken, dat Hy sy lewe vir ons afgelê het; en ons behoort ons lewe vir die broeders af te lê.

1Jn 3:17 Maar wie die goed van die wêreld het en sy broeder sien gebrek ly en sy hart vir hom toesluit, hoe bly die liefde van God in hom?

1Jn 3:18 My kinders, laat ons nie liefhê met woorde of met die tong nie, maar met die daad en in waarheid.

1Jn 3:19 En hieraan weet ons dat ons uit die waarheid is; en ons sal ons harte voor Hom gerusstel,

1Jn 3:20 want as ons hart ons veroordeel, God is meer as ons hart, en Hy weet alles.

1Jn 3:21 Geliefdes, as ons hart ons nie veroordeel nie, dan het ons vrymoedigheid teenoor God;

1Jn 3:22 en wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom, omdat ons sy gebooie bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom.

1Jn 3:23 En dit is sy gebod, dat ons in die Naam van sy Seun, Jesus Christus, moet glo en mekaar liefhê soos Hy ons 'n gebod gegee het.

1Jn 3:24 En hy wat sy gebooie bewaar, bly in Hom, en Hy in hom. En hieraan weet ons dat Hy in ons bly aan die Gees wat Hy ons gegee het.

Skriflesing: 1 Johannes 3Teks: **1 Johannes 3: 1a,2a,14,24b**Sing- **Ps. 9:1,7; Ps. 61:1,2; Ps. 61:3,4; Ps. 23:3; Ps. 116.... Sb 33:1,3**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus- ons is gereed om aan die tafel van die Here aan te sit. As ek dit 'n stelling maak, moet ons dit vanselfsprekend aanvaar, dat u werklik gereed is, of laat ons eerder die vraag vra- Is u werklik gereed om aan die tafel van die Here aan te sit. Die vraag voor Nagmaal hang ten nouste saam met die vraag waarmee ons 1 Johannes 3 ons direk mee konfronteer- **Is ek werklik 'n kind van God?!**

Nou sal ons dalk dink maar ek wil 'n kind van God wees, ja ek aanvaar ek is dit, maar tog is ek baie keer nie seker nie. Ons kry mense wat redeneer dat hierdie vraag eintlik nie so direk gevra mag word nie. Moet dit my nie so direk vra nie, want ek hou nie daarvan nie. Ek kan God se uitverkiesing nie vooruitloop nie, ek dink nie dit is vir 'n mens om dit te besluit nie, ek kan mos nie in God se hart inkyk nie. Ander sal antwoord en sê ek hou my uit in wat God se verborge raad is, ek moet maar net my bes probeer, meer kan ek nie doen om 'n kind van God te wees nie.

Dit is hoe party hierdie vraag antwoord, ander as ons hulle sou vra is jy werklik kind van God, dan sal hulle sê - ek is natuurlik 'n kind van God, want ek glo dat daar 'n ware God is, ek wil aanvaar daar is 'n hemel, ek behoort mos darem aan die kerk, ek is gedoop. U sal saamstem wanneer ons as Nagmaalgangers vanoggend hiermee onself oopstel, dan is ek dalk een van dié wat sê ek is nie heeltemal seker nie, of ander sê ek is baie seker, maar hulle sekerheid is eintlik nie op die regte plek nie. Hulle sekerheid word gebaseer op wat hulle voel of wat hulle maar aanvaar, of dit wat hulle meen hulle geloofsgroei is, maar geliefdes daar moet iets meer wees as net dit, om die vraag uit jouself te probeer antwoord?!

Hier is eintlik iets van 'n derde weg, ons moet hierdie weg by hierdie Nagmaal baie duidelik wil oopmaak. Die derde weg is om te mag sê dat as God my gemaak het wat ek is, DAN IS EK DIT. Dan is ek sy kind. Hoe sal ons dan die vraag antwoord as iemand ons by hierdie tafel vandag vra- is jy God se kind. Ja, ek is dit, ek is 'n kind van God want as God iemand iets noem wat hy is, DAN IS HY DIT.

God noem ons sy kinders, daarom is ons dit! (vers 2) Het u in hierdie reeks uit die eerste Johannes-brief die IS-uitsprake volledig kon vashou. God is Lig, God is Liefde, Die Heilige

Gees is die Een wat getuig en dan spesifiek hierdie hoofstuk waarby ons Nagmaal vier- **ONS IS KINDERS VAN GOD**. Hierdie IS- uitspraak, ons is God se kinders, dit is 'n beheersende gedagte vanaf hfst. 2:28-4:6. Hierdie IS-uitsprake is alles die gevolg van 'n belangrike kerngedagte in hfst. 5. Veral dan vers 13.

Ons het nou al in die reeks baie kere verwys na 'n sentrale tema in die brief nl. 1 Joh. 5:19- **19** *Ons weet dat ons uit God is en die hele wêreld in die mag van die Bose lê.* So belangrik soos hierdie kernvers is, in vandag se prediking is 1 Joh5:13 niks minder belangrik nie. Ons kan dit eintlik so stel, hierdie twee kernverse sluit soos 'n sleutel en 'n slot bymekaar in. 1 Joh. 5:13 sluit vers 19 oop en vers 19 sluit as't ware dan vir ons die res van die hele brief oop. Luister mooi na 1 Joh. 5:13- **13** *Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God.*

Wie mooi hierna luister en ook na wat ons in hfst. 3 gelees het, sal besef Johannes werk baie beslis met dinge wat my in my lewe sekerheid kan gee. **Ons kan verseker weet dat ons het die ewige lewe, want ons glo in Jesus wat die lewe is.** Om te glo in die Naam van die Seun van God, waarlik te glo, so een mag maar weet ek is God se kind, ek het die ewige lewe, ek is reeds uit God gebore. Dit is waarom vers 13 en vers 19 van hfst. 5 verbind moet word, maar ook weer aan ons in hfst. 3 verbind moet word. Hierdie sekerheid is dan alleen moontlik omdat God dit is wat Hy is. Hy is Lig, Hy is ons Vader, Hy is liefde, die Heilige Gees is die Een wat getuig.

Om na God te kom in die wete Hy is my Vader, ek is sy kind, dit wat hfst. 3 vasgryp- **1** *Kyk wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word!* Dan ook die baie baie belangrike begin van vers 2- *Nou is ons kinders van God...* Daarmee het ons verlede Sondag alreeds wonderlike dinge oor God kon sê, ons kon dinge oor onself sê, ons kon wel duidelik ook sekere dinge vanuit die wêreld onderskei, dinge waarvan God se kinders nie deel mag wees nie. Ons het uitgemaak dat wie waarlik kan sê ons is God se kinders, is nie deel van 'n groot getal nie. Daar is maar min wat waarlik uitverkies is, min wat op die einde waarlik gered gaan word. Ons het Jesus dit meermale hoor sê- *Baie is geroep, min is uitverkies....*

Tog het hierdie klein getal rede om hulle op groot dinge te mag beroem, ons mag ons hoop op groot dinge stel. Dink maar weer wat dit waarlik beteken dat ons as kinders van God, God dit vir jou mag hoor sê – JY IS MY KIND. Jy is dit reeds, jy sal dit altyd bly, maar eendag as ek weer kom, dan word jy gelyk aan my- daardie laaste deel van vers 2- *dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is.*

Wat God in hierdie deel eintlik jou lewe mee saamvat is om jou sy huis in te neem. Nou reeds is elke kind van God 'n kind in God se huis. Daarom is vers 14 in vandag se gelese gedeelte ook baie belangrik- *...Ons weet dat ons oorgegaan het uit die dood in die lewe...* In die Grieks word met hierdie vers iets baie besonders bedoel. As in die Grieks staan ons het oorgegaan, dan mag jy die treklorrie voor jou huis sien staan. Dit is om soos na 'n ander huis te trek. Om oor te gaan beteken om te verhuis. Die Gees getuig aan ons dat ons het klaar van die dood na die lewe verhuis. Ons het klaar uit die dood na die lewe oorgegaan. Wanneer is 'n kind werklik tuis, ja wanneer dit vir die kind voel hy is nie net by pa en ma nie, maar ek is ook by my huis. Nêrens voel mens so tuis as by jou huis nie, nie waar nie?!

Om AAN HUIS van God te mag kom, daarmee het Johannes uitgemaak die intrek-proses is eintlik vir dié wat uit God gebore is, afgehandel. Ek kan reeds by God tuis wees.

Dit is wel wonderlik om voor ons aan die tafel van die Here mag aansit, ja tafelgemeenskap is eintlik maar huisgemeenskap. Ook hier word dinge gedoen wat tuis val in 'n familie, om saam te mag eet, te mag drink, Nagmaal te mag geniet, dit val nie buite God se huis om nie. Tog moet ons voor hierdie Nagmaal dit ook baie duidelik hoor. Hy wat na God se huis oorgegaan het, ek moet waarlik leef soos 'n kind van God. Dit kom daarop neer- gedra jou in die huis waar jy is. Leef waarlik soos 'n kind van God. Moet nie sê ek is kind van God maar ek gedra my glad nie soos 'n kind van God hom/haar behoort te gedra nie.

Dan is die sentrale vraag in my gedrag die een wat 1 Johannes 3 baie duidelik op ons harte wil skrywe. Het jy al werklik God se liefde jou eie gemaak? Hoe lyk jou liefde teenoor hulle wat saam met jou in hierdie huis van God is. Jou liefde teenoor die een wat my broeder is. As ek hiermee gaan aanhou sondig, dit op die terrein van liefde, dan lieg ek nie net vir myself nie, maar ek probeer ook vir God lieg. Johannes noem hierdie 'n boodskap wat ons van die begin af al gehoor het- JULLE MOET MEKAAR LIEFHÊ. As ek dit nie wil doen nie, dan is

ek niks beter as Kain nie. Johannes noem Kain een uit die bese, daarom is ook sy werke boos. Dit so in skrilte kontras met hom wat uit God is, uit God gebore, die wedergebore Abel...

Hoor hoe duidelik volg die waarskuwings in die gryse Johannes se besondere skrywe, alles gebaseer hoe 'n kind van God moet leef, hoe 'n kind van God hom moet gedra- vers 4: **4** *Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid.* Hier is eintlik baie wat hier op mekaar volg- vers 6 se einde- *Elkeen wat sondig het Hom nie gesien en Hom nie geken nie...* maar kyk ook maar na vers 8- **8** *Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel, want die duiwel sondig van die begin af. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek.* Om uit die duiwel te wees, uit die duiwel genoem te word, (soos dan nou Kain) pas beslis nie by 'n huisgenoot van God nie! Dan kan ons vers 10 ook nie ignoreer nie: **10** *Hierin is die kinders van God en die kinders van die duiwel openbaar: elkeen wat die geregtigheid nie doen nie, is nie uit God nie, en hy ook wat sy broeder nie liefhet nie.*

Dit sluit direk aan by wat ons vandag reeds oor ons verhuising gesê het- As ek nie liefde kan betoon nie, dan het ek eintlik nog nie verhuis nie. Dan bly ek nog in die huis van die dood en het die huis van die lewe nie ingetrek nie- is dit nie maar vers 14 se slot nie?! **14** *Ons weet dat ons oorgegaan het uit die dood in die lewe, omdat ons die broeders liefhet. Hy wat sy broeder nie liefhet nie, bly in die dood.*

Partykeer dan klink dit selfs of mense kan spog oor hoe min hulle werklik liefde kan betoon... Is dit werklik iets om oor te spog? Die bewyse dat ons wel uit die dood kon verhuis, daarvoor is verse 21 tot 24 geskrywe. Hierin staan God se gebooie dan vir my sentraal. Ja, hier kom iets wonderlik by- God se gebooie gee vir 'n mens gebedsvrymoedigheid. Hoe wonderlik om dit te mag ontvang. Hoor verse 21b en 22... *dan het ons vrymoedigheid teenoor God; 22 en wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom, omdat ons sy gebooie bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom.* 'n Lewe gevul met gebedsvrymoedigheid is 'n lewe wat die diepte van ons harte indring. Ja, ons kan maar sê daar kom baie keer dinge in hierdie brief van Johannes wat my laat bese God is eintlik besig om X-straal plate van my hart te neem. Hoe lyk dit in jou geloofslewe, hoe gaan dit in jou uitleef van wat waarlik liefde is, hoe gaan dit in jou gebedslewe, ja ons bese dit alles kom aan die lig, want vergeet ons nie vir 'n oomblik, God is lig en geen duisternis is in Hom nie. Hy wil dat my geloof, my liefde en

my gebede Hom moet heilig, in wat Hy as heilig vir ons geskenk het. Wanneer ons dit doen, kan ons ons harte voor God gerusstel, rustig kan ons aan sy tafel kom aansit, want is verse 19-20 in alles op die tafel- **19** *En hieraan weet ons dat ons uit die waarheid is; en ons sal ons harte voor Hom gerusstel, 20* want as ons hart ons veroordeel, God is meer as ons hart, en Hy weet alles. By nabetrugting dan sal ons handel met wat hierdie reeks dan ook eers vir ons afsluit met die wonderlike laaste IS-uitspraak, die Heilige Gees IS die Getuie, waarlik dié Getuie waarop ons finale sekerheid op rus.

AMEN